TJOKKIE-brokkies!

Uitgawe: 3/1/2018 **Datum: 1 Februarie 2018**

Uit die kantoor:

Beheerliggaamverkiesing
Aangeheg vind u 'n volledige skrywe ivm met die verkiesing. Bestudeer asb die inhoud daarvan. Dit is van uiterste belang dat ons hierdie proses as 'n prioriteit sien. Maak asb erns daarmee en nomineer ouers wat bereid is om hulle volle gewig vir die volgende drie jaar by die bestuur van Tjokkies in te gooi. Indien u enige navrae het, skakel my gerus.

Tjokkiebraai
Baie dankie aan alle ouers wat dit bygewoon het. Die geselsies rondom die vure was lekker en ek hoop u het sommer jarelange vriendskapsbande gesmee.

Tjokkiekerkdiens:
Baie dankie aan alle Tjokkies en hulle ouers wat die diens bygewoon het. Dit was kosbaar en des te meer spesiaal omrede juf Zilke wat vir 7 jaar by Tjokkies was, en tans haar Teologiestudies voltooi, die diens waargeneem het. Die leeraars het ons skool, ouers en leelringe opnuut opgedra aan die Here. Tog jammer dat so min ouers dit bywoon.

Waardes:
Ons fokus die kwartaal op ons waarde van RESPEK . Ons het die week aandag gegee aan **RESPEK vir ander se eiendom. Ons respeklogo.**

BELANGRIKE DATUMS

1 Feb: Gr 1 aansoek het geopen. Ouers van huidige Tjokkies moet dit nie as vanselfsprekend aanvaar nie en seker maak dat ons u aansoek so gou moontlik ontvang.

Die huidige Gr R leerlige in ons kleuterskool sal vandag toelatingsvorms saam met hulle nuusbrief ontvang. Voltooi dit en handig dit, tesame met al die dokumente wat verlang word, by die sekretaresse in.

2 Feb: Tjokkies se tennis-rondomtalie. Die spelers wat ingeskryf het, het al die inligting ontvang.

Skaaktoernooi. Die spelers wat die naweek deelneem, het die inligting ontvang.

5 Feb. Graad 1 inlywing in die skoolsaal om 7:45. Ouers is welkom.

0/9 krieketliga. (Sien die bepalings)

6 Feb: Ons interskolegala by Tjokkies. Voortrekkers en kooroefening gaan egter normaal voort.

0/11 krieketliga

7 Feb: Eerste skoolgeld-paaiement is betaalbaar.

8 Feb: 0/13 krieketliga

Sluiting vir korting/kwytskelding aansoeke.

UITSLAE

Die wenners van die Kleure-atletiek was die rooispan en die blouspan was die wenners van die Kleure-gala. Baie geluk aan die spanne.

Ons sal die victor- en victrix Ludorum eersdaags bekend maak.

VERJAARSDAE

4 Feb. Juf Carina Kriel (Gr 5)

Ouerdatavorm

Maandag is die absolute laaste dag hiervoor. Hierdie data word ook deur die onderwys-departement verlang. Ons benodig dit ook om veral ons eposstelsel op datum te bring. Voordat ons nie al die inligting het nie, moet ons alle korrespondensie soos die nuurbrief per hardekopie aan u stuur wat 'n onnodige uitgawe en moeite is.

ATLETIEK

Fichardtparkbyeenkoms, 10 Februarie. Atlete sal Maandag die nodige skrywe ivm die byeenkoms ontvang. Aflos is deel van die program en atlete wat hiervoor ingeskryf is het reeds skrywes ontvang. Aflosoefeninge vind op 6 en 7 Februarie om 06:30-07:00 in die oggend by die skool plaas.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

VCSV (Herhaal)

VCSV vir Gr 4 tot 7 leerders vind plaas elke Donderdag gedurende langpouse.
Die VCSV is interkerklik. Moedig asb u kind aan om in te skakel.

AFLOSONDERWYSERS (Herhaal)

Ons benodig van tyd tot tyd mense om af te los wanneer onderwysers kursusse bywoon of siek is. Oud-onderwysers of mammas wat hiervoor kans sien, kan gerus met die kantoor skakel sodat ons 'n databasis kan opstel.

OMGEE-MAMMAS (Herhaal)

Ons is 'n groepie mammas wat op Donderdae oggende om 7h30 bymekaarkom in die personeelkamer. Ons bid vir ons skool, personeel, kinders en verwante sake. Hoop om u daar te sien. Skakel gerus vir Liezl Hiten indien u meer wil uitvind: 071 890 5567

VALENTYNSDAG IS OM DIE DRAAI!

Valentynsdag is nog 'n week nader. Onthou oulike geskenkies is te koop van Donderdag 8 Februarie 2018 tot Dinsdag 13 Februarie 2018. Daar sal ook lekker eetgoed: cup cakes, roomys, koeldrank en water te koop wees op 14 Februarie 2018. Kinders mag R5 betaal om gewone klere aan te trek op 14 Februarie 2018. Betaalbaar by klasonderwysers. Ons sien uit na 'n heerlike dag propvol harte!!"

RITMEGROEP OUDISIES

Die ritmegroep oudisies vir die nuwe kinders wat graag die jaar in die groep wil wees vind plaas op Dinsdag, 6 Februarie 2018 om 15H30 tot dit klaar is.

TJOKKIE RUGBY AKADEMIE (Herhaal)

Tjokkie rugby-ouers. Ons wil u kind graag uitnooi om deel te kom wees van die Tjokkies Rugby Akademie. Met die oog op die rugbyseisoen wat binnekort begin, wil ons die spelers `n voorsprong gee en sorg dat hul vaardighede skerp is.
Die Akademie geskied op Vrydae om te verseker dat dit nie met enige skoolaktiwiteite inmeng nie.
Tye:
13h:15 – 14h:00 (Graad 1 en 2)
14h:00 – 15h:00 (Graad 3-7)
Die koste vir die eerste kwartaal is R430 wat registrasie insluit en vir die res van die kwartale R360 per speler.
Eerste sessie begin reeds Vrydag 2 Februarie 2018.
Hoop om almal daar te sien.

Hendrik Ras
082 578 5948

PREMIESEL NOMMERS

074 251 0207
074 248 6766

Stoor asb die nommers op u foon, dit sal verskyn wanneer u 'n oproep vanaf die skool ontvang.

SNUFFELS

CyberSavvy#101 vir ouers:
Kundiges praat oor skermverslawing, die gevare van sosiale media en kuber boeliegedrag.
9 Februarie 16:00-18:00
Grey Kollege Primêr Skoolsaal
R150 p.p.
admin@i2we.co.za

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

VERKIESING VAN LEDE VAN BEHEERLIGGAME AS VERTEENWOORDIGERS VAN OUERS VAN LEERDERS: KENNISGEWING VAN NOMINASIEVERGADERING EN STEMMING

Kennis geskied hiermee dat 'n Nominasie-vergadering vir die verkiesing van **ses (6)** lede van die Beheerliggaam van bogenoemde skool, wat Graad R insluit, op Donderdag, **8 Maart 2018** om 7:15 tot 7:30 te Primêre Skool Universitas (skoolsaal) gehou word.

Indien daar meer as 6 kandidate genomineer word sal 'n stemming op Donderdag, 8 Maart vanaf 7:30 tot 19:30 gehou word. U kan dus die oggend, wanneer u u kind kom aflaai of tussen 13:00 en 14:00, wanneer u u kind kom oplaai, gou inhardloop en stem. Middagstudie-ouers kan gedurende die middag, wanneer u u kind kom afhaal stem en ouers vir wie genoemde opsies nie pas nie, kan na werk van 17:00 tot 19:30, so maak. Ons reël dit juis so om dit vir alle ouers moontlik te maak, aangesien ons 'n kworum van 200 stemme nodig het om die verkiesing geldig te verklaar.

Net kandidate, wat ouers van leerlinge van die skool is, en nie in diens van die skool is nie, mag genomineer word. Die nominasievorm moet behoorlik deur die voorsteller voltooi word, saam met die handtekeninge van die sekondant en die kandidaat onderskeidelik. Die nominasievorm moet dan by die verkiesingsbeampte (kantoor) ingedien word **nie meer as sewe (7) dae en nie minder as 24 uur** voor die aanvang van bogenoemde vergadering. Beide die voorsteller en die sekondant moet nie-opvoeders van die skool wees. **'n Bondige CV van die genomineerde persoon met wat hy hom-/haarself ten doel stel as lid vd Beheerliggaam moet die nominasievorm vergesel.**

Nominasies sal ook tydens die nominasievergadering aanvaar word. Indien 'n kandidaat nie by die nominasievergadering teenwoordig kan wees nie, moet 'n skriftelike bewys by die vergadering ingedien word waarin die kandidaat sy/haar bereidwilligheid om op die Beheerliggaam te dien, bevestig.

NB. Net ouers wie se name op die skoolregister is, sal geregtig wees om met die verkiesing te stem. Dit is die verantwoordelikheid van die ouers om te verseker dat hulle name op die skoolregister is. Die skoolregister is by die skool ter insae.

.....
Nms. N Gunter **Datum: 2018-02-08**
Adjunk-verkiesingsbeampte

Sien keersy

H/V Paul Kruger en Ross str | Universitas | Bloemfontein | Posbus 11073 | Universitas | 9321
Tel (051) 522 37.. | Faks (051) 522 4870 | E-pos: office.primary@universitas.co.za | www.universitas.co.za

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

NS: Neem asb kennis van die volgende :

1. Belangrike datums:

12 Feb	:	Nominasievorms by kantoor beskikbaar.
22 Feb – 6 Maart	:	Nominasie kan by die kantoor ingehandig word.
6 Mrt	:	Nominasies sluit om 7:30.
8 Mrt	:	Nominasie-vergadering om 7:15 en Beheerliggaam-verkiesing om 17:30 – 19:30.

2. Samestelling van die Beheerliggaam:

Ses ouers, 3 opvoeders, 1 nie-opvoeder en die skoolhoof, dus ‘n Totaal van 11. Die nuutverkose Beheerliggaam mag ook, wanneer nodig, enige aantal ouers ter wille van kundigheid koöpteer, sou dit nodig wees. Gekoöpteerde lede het egter nie stemreg nie.

3. **Die huidige Beheerliggaam bestaan uit die volgende persone:**

Mnr Wille Burger	–	Voorsitter (Belastingkundige)
Mnr Dawie Truter	–	O/voorsiter (Bestuurder Landboubesigheid)
Prof Liezel Lues	-	Addisionele lid (Lektor by UV)
Johannes Kriel	-	Tessourier (Geoktrooieerde rekenmeester)
Chris Vosloo	-	Addisionele lid (prokureur)
Riaan Strydom	-	Addisionele lid (Adj. direkteur onderwyssake)

Eersgenoemde drie lede is nie weer verkiesbaar nie, maar wel laasgenoemde drie lede.

4. Algemene funksies van Beheerliggame:

- Die toelatingsbeleid van die skool word deur die Beheerliggaam bepaal.
- Die taalbeleid van die skool word deur die Beheerliggaam bepaal.
- Die Godsdiensbeleid van die skool word deur die Beheerliggaam bepaal.
- Die Beheerliggaam moet ‘n gedragskode vir leerders aanvaar.
- Die Beheerliggaam is bevoeg om ‘n leerder te skors van bywoning van die skool.
- Die Beheerliggaam moet ingevolge ‘n Grondwet funksioneer.
- Die Beheerliggaam kan die redelike gebruik van die fasiliteite van die skool vir gemeenskaps-, sosiale- en skoolfondsinsamelingsdoeleindes toelaat.
- Die Beheerliggaam kan by ‘n vrywillige vereniging van Beheerliggame aansluit.
- Die Beheerliggaam kan werknemers van die skool (opvoeders en nie-opvoederpersoneel) aanstel.
- Die Beheerliggaam moet alle redelike maatreëls tref om die Staat se finansiële hulpbronne aan te vul.
- Die Beheerliggaam moet ‘n skoolfonds instel en administreer en ‘n bankrekening open en in stand hou.
- Die Beheerliggaam moet elke jaar ‘n begroting aan ‘n Ouervergadering vir goedkeuring voorlê.

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com

- Die Beheerliggaam moet die besluit van die Ouervergadering oor die begroting en die betaling van skoolgelde in werking stel.
- Die Beheerliggaam kan die betaling van skoolgeld deur regsproses afdwing.

5. Toegewese funksies:

- Missiestelling van die skool ontwikkel.
- Prinsipaal en personeel ondersteun.
- Tye van die skooldag bepaal.
- Gebruik van die fasiliteite vir opvoedkundige doeleindes toelaat.
- Instandhouding en verbetering van die skool se eiendom en die geboue en gronde deur die skool beset.
- Bepaling van die buitemuurse kurrikulum.

6. Diskwalifikasie om op die Beheerliggaam te dien:

- ‘n Ouer wat by die skool in diens is.
- ‘n Ouer wat nie ‘n Suid-Afrikaanse burger is nie.
- ‘n Ouer wat ‘n ongerehabiliteerde insolvent is.
- ‘n Ouer wat deur die hof as geestesongesteld verklaar is.
- ‘n Ouer wat skuldig bevind is aan ‘n oortreding, en gevonnis is tot gevangenisstraf sonder die keuse van ‘n boete vir ‘n tydperk langer as ses maande of nog nie sy of haar volle gevangenisstraf uitgedien het nie.
- ‘n Ouer wat nie ‘n bona fide ouer vir die volgende 3 jaar is nie.

7. Kworum:

‘n Kworum van 15% van die aantal geregistreerde ouers (200) word benodig om die verkiesing geldig te maak. Indien daar dus meer as 6 nominasies is en ons tot stemming moet oorgaan is dit krities belangrik dat u moet kom stem, anders moet ons die hele proses herhaal. U sal egter op hoogte gehou word.

8. **Termyn:**

Die termyn van verkose lede strek oor drie jaar. Die skolewet bepaal dat ‘n ouer ‘n bona fida ouer van die skool moet wees terwyl hy/sy op die BL dien wat in effek beteken dat indien u kind in graad 6 of 7 is jy nie ‘n termyn kan dien nie.

****

PDF Created with deskPDF PDF Writer - Trial :: http://www.docudesk.com